Ondernemerskap/Entrepreneurskap

"Met spaarsaamheid sal jy uit die kleinste inkomste iets oorhou, met verkwistery sal die grootste vir jou te min wees"
- C.J. Langenhoven,

Doelwit: *Om gesonde besigheidsbeginsels by die Verkenner te kweek.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.

ABC: Deur die spesialisasie te doen sal die Verkenner leer om 'n onderneming aan te pak en te bestuur. Die Verkenner sal leer om met sy talente te woeker en om selfstandig op te tree. Hy sal ook leer om goeie betrekkings met ander mense (sy kliënte) te handhaaf en om 'n diens aan die gemeenskap te lewer. Hierdie spesialisasie fokus dus op die bevordering van positiewe Burgerskap.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	1 Jaar	**Graadgroep:**	8 - 11
Voorvereistes:	'n Verkenner moet reeds die P/D-kenteken vir Ondernemingskap verwerf het, of moet 'n onderhoud van ongeveer 45 minute met 'n suksesvolle ondernemer voer.		
Aanbieding:	· Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. (Indien 'n span die kenteken verwerf moet die mentor tevrede wees dat elke spanlid deurentyd ten volle betrokke was.) · Hierdie spesialisasie sal slegs sinvol wees indien die aanbevole tydskaal in ag geneem word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Die doelwitte van sy projek bepaal.*
2. *'n Besigheidsplan opstel wat die volgende behels:*
   - *2.1 'n Beskrywing van die produk of diens.*
   - *2.2 Vasstelling van die prys van die produk of diens (na aanleiding van die prys van soortgelyke produkte of dienste).*
   - *2.3 Aanduiding van die teikenmark.*
   - *2.4 Uiteensetting van kontantvloei.*
   - *2.5 Aanduiding van reklame wat gedoen gaan word.*
   - *2.6 Toekomsverwagting (hoe die onderneming oor 'n jaar daar gaan uitsien).*
   - *2.7 Aanduiding van risiko's (lys van bates, vennote, slaggate en opposisie).*
3. *Die onderneming vir ten minste **agt** maande suksesvol bedryf.*
4. *'n Uitgebreide boekhoustelsel implementeer wat geleende geld en beleggings moet aantoon.*
5. *Ten minste **twee** reklamepogings oor ses maande loods en die sukses al dan nie daarvan bepaal.*
6. *'n Prysbeleid bepaal en aandui hoe die prys saamgestel is en hoeveel korting vir groot volumes toegestaan kan word. Prysveranderings moet ook bespreek word.*
7. *Tydens die bedryf van die onderneming van ten minste een helper, in 'n tydelike of permanente hoedanigheid, gebruik maak.*
8. *Kortliks verslag doen van 'n soortgelyke onderneming wat hy besoek het.*